Rapporteerbaar:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Regters:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Landdroste:
Ja / Nee
Sirkuleer onder Streeklanddroste:
Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
# (Noord-Kaapse Afdeling)

**Saak No: 54/2007**
**Datum Aangehoor: 22/10/2007**
**Datum gelewer: 26/10/2007**

**In die saak tussen:**

**SectionI.1Sipho Abel Steve Burwana APPELLANT**

en

**SectionI.2**
**SectionI.3Die Staat RESPONDENT**
**SectionI.4**
**SectionI.5**
**SectionI.6Coram: MAJIEDT R et OLIVIER R**

## UITSPRAAK OP APPèL

**Olivier R:**

1. Die appellant is in die Streekhof te Upington skuldig bevind op ŉ aanklag van verkragting en gevonnis tot 10 jaar gevangenisstraf. Na ŉ onsuksesvolle aansoek om verlof tot appËl is daar op petisie deur hierdie Hof aan hom verlof verleen om teen sy skuldigbevinding en vonnis te appelleer.

2. Wat die skuldigbevinding betref, was die volgende gemenesaak of nie wesenlik in geskil nie:

2.1.Die klaagster, haar vriendin (me Hannelie Job) ŉ vriend van die appellant (mnr Thomas Basson) en die appellant het die aand van die voorval met die appellant se voertuig vanaf ŉ klub genaamd Beloved Son gery na ŉ klub genaamd Seventies.

2.2.By die laasgemelde klub het die appellant en die klaag-ster op ŉ stadium gedans en mekaar gesoen.

2.3.Op ŉ later stadium, gedurende die oggendure van 16 Oktober 2005, het die vier van hulle aangekom by die appellant se verblyfplek by die Eiland vakansieoord te Upington.

2.4.Daar het die appellant in ŉ kamer van die rondawel met die klaagster gemeenskap gehad.

2.5.Op ŉ later stadium het die klaagster die rondawel verlaat en weggehardloop. Die appellant het haar agtervolg, maar voordat hy haar kon inhaal, het sy ŉ huurmotor gestop.

2.6.Die klaagster het toe ŉ klagte van verkragting teen die appellant aanhangig gemaak.

2.7.Om ongeveer 07:00 die betrokke oggend is die klaagster medies ondersoek deur ŉ verpleegkundige, mnr H G Ferris.

3. Die appellant het op die aanklag onskuldig gepleit. Alhoewel hy geen pleitverduideliking verskaf het nie, het dit duidelik uit stellings van sy regsverteenwoordiger in kruisverhoor geblyk dat sy verweer een van toestemming was.

4. Wat die meriete betref, is die toets op appËl geyk. ŉ Hof van appËl sal nie ligtelik inmeng met ŉ verhoorhof se geloof-waardigheidsbevindinge nie en daar sal slegs met ŉ skuldig-bevinding ingemeng word as die Hof van appËl oortuig is dat dit verkeerd is (sien **S v Hadebe and Others** 1997 (2) SACR 641 (SCA) op 645e-f).

5. Die Streeklanddros het ongelukkig geen pertinente geloof-

waardigheidsbevindinge gemaak nie. Dit blyk uit haar uitspraak asof sy bloot omdat sy die Staat se getuienis meer waarskynlik bevind het as dié van die verdediging, laasgemelde se getuienis verwerp het. Alhoewel sy toe op dié basis uiteindelik tot die gevolgtrekking gekom het dat die Staat sy saak bo redelike twyfel bewys het, het sy afgesluit met die opmerking dat die verdediging se getuienis nie *"not probable and not even reasonably* ***probably*** *true"* was nie.

6. Dit is duidelik dat die Streeklanddros hierin misgetas het. Die korrekte toets was natuurlik of die appellant se weergawe redelik **moontlik** (en nie redelik waarskynlik nie) was (sien **S v Kubeka** 1982 (1) SA 534 (W) op 537f).

7. Wat die appellant se verweer van toestemming betref, was dit sy saak dat hy en die klaagster in 'n liefdesverhouding betrokke was; iets wat die klaagster ontken het. Die Streeklanddros het 'n groot deel van haar uitspraak gewy aan die vraag of die blote bestaan van so 'n verhouding die appellant daardie nag die reg sou gegee het tot gemeenskap, selfs al sou die klaagster geweier het.

8. Dit was egter nooit die appellant se saak nie. Sy saak was wel:

8.1. dat hy en die klaagster reeds in die Seventies klub nie net met mekaar gedans het en mekaar gesoen het nie, maar dat hulle daar reeds baie intiem verkeer het, deurdat hy die klaagster se vagina met sy vinger penetreer het;

8.2. dat hulle almal onder die invloed van drank was toe hulle daar weg is; en

8.3. dat, reeds oppad na die vakansieoord, *"that was the agreement between myself and my girlfriend ... that before she goes home, we will have sexual intercourse".*

9. Die Streeklanddros het die appellant daarvoor verkwalik dat hy nie verklaar het hoe die klaagster sou toegestem het tot gemeenskap nie. Na my oordeel is dit nie deurslaggewend nie. Die appellant is nooit in kruisverhoor getoets oor die wyse waarop die klaagster toegestem het nie.

10. Die strekking van die appellant se saak in hierdie verband was betreklik duidelik dat die aanloop tot die voorval, en meer spesifiek die agtergrond van hulle verhouding en die gebeure in die Seventies klub gelei het tot ŉ verstandhouding dat hy en die klaagster gemeenskap sou hÍ voordat hy haar huis toe neem, en dat sy op geen stadium toestemming geweier het nie.

11. Die Streeklanddros se opmerking dat dit nooit namens die appellant in kruisverhoor aan die klaagster gestel is dat hulle so intiem verkeer het in die Seventies klub nie, het getuig van 'n mistasting, aangesien dit wel pertinent so gestel is.

12. Daar was ook heelwat ander getuienis wat aanduidend was van ŉ verhouding tussen die klaagster en die appellant, en ook van ŉ verstandhouding tussen die appellant en die klaagster, minstens, dat daar eers na die appellant se verblyfplek gegaan sou word voordat hy die klaagster en haar vriendin sou huistoe neem.

12.1. Dit was die klaagster se weergawe dat die appellant eintlik veronderstel was om haar en haar vriendin huistoe te neem, toe hy onverwags na sy verblyfplek by die oord gery het. Volgens haar het die appellant toe, op ŉ vraag van haar waarom hulle daarheen ry, bloot geantwoord dat hy nie lank sou wees nie.

Job se getuienis het totaal hiervan verskil. Volgens haar het die klaagster geen so ŉ vraag gestel aan die appellant nie en is daar nooit gesÍ dat hy nie lank sou wees nie.

12.2. Volgens die klaagster se verklaring (wat sy in die Hof bevestig het as korrek) was daar reeds onderweg na die oord in baie eksplisiete terme ŉ gesprek oor seks; iets waarvan die klaagster nooit melding gemaak het in haar getuienis nie en wat moeilik sou inpas by haar weergawe dat sy onder die indruk was dat hulle oppad was om haar te gaan aflaai. Dit sou egter wel inpas by die appellant se weergawe dat daar ŉ verstandhouding was dat hy en die klaagster eers gemeenskap sou hÍ.

12.3. Inteendeel, Job se getuienis was dat sy eintlik reeds by die Seventies

klub al wou huistoe gegaan het "*omdat ek weet hy wil haar hê*".

12.4. Ná die voorval het Job dan ook teenoor die sekuriteitswag – en staatsgetuie - mnr J J Murphy opgemerk dat die appellant en sy vriend by die klaagster en haarself *"wil seks gehad het"*. Dit is baie toevallig dat nie net die appellant nie, maar ook Basson ewe skielik dieselfde planne gehad het indien die appellant dan totaal onverwags en onbepland by die oord aangery het toe hulle eintlik oppad was om die twee dames af te laai.

12.5.Op Murphy se getuienis kon die indraai by die oord ook nie vir die klaagster so 'n vreemde ervaring gewees het nie, want volgens hom het die klaagster *"gereeld daar* (gekom) *met verskillende ouens dan kom boek hulle 'n bungalow"*.

12.6.Murphy se getuienis was verder – totaal strydig met dié van die klaagster en Job – dat die klaagster en die appellant toe boonop nog eers mekaar gesoen het voordat hulle by die appellant se rondawel in is.

> Murphy was die Staat se eie getuie. Hy is op geen wyse gediskrediteer nie en die Streeklanddros het ook geen negatiewe geloofwaardigheidsbevinding oor hom gemaak nie. Inteendeel, hierdie wesenlike strydigheid tussen sy weergawe en dié van die klaagster en Job is nie deur die Streeklanddros in haar uitspraak behandel nie.

12.7.Op die klaagster en Job se weergawes sou die appellant nie eers geweet het waar die klaagster woon nie. Murphy het egter ook getuig dat die appellant kort ná die voorval met sy voertuig opgedaag het by die klaagster se ouerhuis (waar sy gewoon het) om te verneem waar sy was. Dit strook met die appellant se weergawe dat hy goed geweet het waar die klaagster woon, dat hy al voorheen daar was en dat hy al voorheen daar met die klaagster se vader gesels het.

> Volgens Murphy was Job teenwoordig toe die appellant ná die voorval by die klaagster se ouerhuis opgedaag het; iets wat Job ontken het.

12.8.Die appellant se getuie, mnr S Maritz, het ook getuig dat hy die

appellant en die klaagster by geleentheid voor die dag van die voorval saam in die appellant se voertuig gesien het, waar die appellant en die klaagster toe mekaar gesoen en vasgehou het.

Hierdie getuienis was totaal strydig met dié van die klaagster en Job, waarvolgens die aand van die voorval maar die tweede keer was wat die appellant en die klaagster ontmoet het en hulle nog nooit voorheen saam in sy voertuig sou gewees het nie.

Maritz se getuienis is na my oordeel in geen opsig afgekraak nie en die Streeklanddros het ook geen sodanige bevinding gemaak nie. Inteendeel, die aanklaer het dit in herverhoor aan die klaagster gestel dat Maritz ook 'n verklaring tot dié effek gemaak het en daar is dus geen basis waarop die Streeklanddros Maritz se weergawe sou kon verwerp nie. Ook hierdie getuienis is egter nie eers deur die Streeklanddros behandel nie.

13. Die Streeklanddros se weiering om die verdediging toe te laat om verklarings van 'n sekere mnr Jordaan en van die gemelde Maritz in te dien by sluiting van die staatsaak hoef, in die lig van die voorgaande, nie in diepte oorweeg te word nie. Dit blyk duidelik dat die strekking van beide sou gewees het dat die klaagster en die appellant wel voor die datum van die voorval in omstandighede gesien is wat aanduidend daarvan sou wees dat hulle 'n liefdesverhouding gehad het; of minstens dat hulle heelwat nouer by mekaar betrokke was as wat die klaagster wou erken.

14. In die lig daarvan dat die aanklaer nie alleen op daardie stadium van die verhoor reeds die tersaaklike deel van die inhoud van Maritz se verklaring in 'n stelling op rekord geplaas het nie, maar ook toegestem het tot die inhandiging van die twee verklarings deur die verdediging, val die Streeklanddros se besluit egter vreemd op.

15. Dit is so dat daar duidelik nie 'n saak uitgemaak is vir die toepaslikheid van artikel 213 van die Strafproseswet, 51 van 1977, nie. Die verdediging het egter eers op dié artikel probeer terugval toe die Streeklanddros nie die verklarings as getuienis wou toelaat op die basis daarvan dat die aanklaer daartoe toegestem het nie. In hierdie verband volstaan ek met 'n verwysing na bladsye 384 tot 386 van die 3de uitgawe van Schmidt se werk

**Bewysreg**. Wat egter die bewyswaarde van die verklarings sou gewees het, is onnodig om op hierdie stadium oor te beslis.

16. Om dus op te som wat hierdie aspek te betref, was daar geen basis waarop die appellant se weergawe van ŉ vorige verhouding verwerp kon gewees het as nie redelik moontlik waar nie. Dit beteken, soos reeds gemeld, nie dat hy outomaties toestemming tot gemeenskap sou gehad het nie. Soos reeds gemeld, is daar egter aanduidings dat die klaagster met ŉ heel ander gesindheid na die oord en in die appellant se rondawel in is as wat sy wou voorgee.

17. Wat betref die gebeure in die rondawel waar die gemeenskap plaasgevind het, en die vraag of gemeenskap met die klaagster se toestemming geskied het, is daar van staatsweë die getuienis aangebied van die klaagster en Job.

18. Die Streeklanddros het tot die slotsom gekom dat daar nie in die staatsaak wesenlike weersprekings was nie. Die enigste weerspreking waarna die Streeklanddros verwys het wat geslaan het op die gebeure in die rondawel self, het gehandel oor waar die klaagster sou gestaan het voor sy op die bed by die appellant beland het.

19. Na my oordeel was daar egter ‘n menigte weersprekings, strydighede en waarskynlikhede wat die Streeklanddros nie behandel het nie en wat wesenlik was (in wisselende grade) vir die oorweging van die vraag of dit redelik moontlik waar was dat die klaagster toegestem het tot gemeenskap of, anders gestel, by oorweging van die vraag of dit, op hierdie tipe getuienis, bo redelike twyfel bewys is dat die klaagster nie toegestem het nie en, inteendeel, toestemming geweier het. Ek sal slegs met die meer wesenlikes daarvan handel.

20. Dit was, met respek, ŉ oorvereenvoudiging van die Streeklanddros om te sÍ dat daar bloot ŉ weerspreking was oor waar die klaagster gestaan het voordat sy op die bed beland het. Dit gaan veel verder as dit.

20.1.Op die klaagster se weergawe was hulle al vier in ŉ kamer waarin daar een bed was, en dan ook ŉ tafel en stoele. Die appellant het volgens haar

op die bed gelÍ, toe half regop gekom en haar toe, van waar sy ongeveer 1½ treë weg gestaan het, gegryp en tot op die bed gepluk. Volgens haar was daar op daardie stadium nog ŉ kombers op die bed, maar het die appellant met sy stoeiery met haar dit reggekry om haar onder die kombers in te woel.

20.2.Job se getuienis was egter dat daar twee beddens was. Volgens haar het die appellant en die klaagster elk op een van die betrokke beddens gesit. Haar getuienis was verder dat die appellant van die bed af opgestaan het, na die klaagster beweeg het en haar toe na *"sy"* bed getrek het. Volgens Job het die appellant ook die duvet op die bed oopgetrek voordat die klaagster op die bed beland het.

20.3.Dit is dus duidelik dat die klaagster en Job wesenlik van mekaar verskil het oor hoe dit gekom het dat die klaagster op die bed beland het waar die gemeenskap plaasgevind het.

21. Ek onderbreek myself om op hierdie stadium te verwys na ŉ verdere vreemde beslissing wat die Streeklanddros in die verloop van die verhoor gemaak het, naamlik om te weier om ŉ fotoplan as getuienis te ontvang nadat op rekord geplaas is dat die verdediging geen beswaar gehad het teen die toelating daarvan nie en dat die klaagster die punte daarop uitgewys het.

21.1.Dit het die verdediging tog vrygestaan om toe te stem tot die toelating van hierdie getuienis. Dit was nie bloot ŉ geval dat die verdediging versuim het om beswaar te maak nie. Daar is op daardie stadium namens die verdediging uitdruklik op rekord geplaas dat daar geen beswaar was teen die toelating van dié getuienis nie. Wat anders kon dit gewees het as toestemming tot die inhandiging en toelating daarvan?

21.2.Toegegee, dit kon seker duideliker gestel gewees het, byvoorbeeld dat dit erken word dat die fotoplan ŉ korrekte beeld van die toneel is, maar dit is sekerlik iets wat die Streeklanddros met die appellant se regsverteenwoordiger kon opgeneem het indien daar enige onduidelikheid in hierdie verband bestaan het. Die probleem is nou dat daar ŉ legio voorbeelde in die oorkonde is van gevalle waar die afwesigheid van die fotoplan die ondervraging van getuies met betrekking tot die opset in die

rondawel belemmer het.

22. Om dan terug te keer na die gebeure in die rondawel en die kwessie van toestemming, was daar ook heelwat verskille tussen die klaagster en Job se getuienis oor presies hoe die klaagster aan die appellant te kenne sou gegee het dat sy nie toestem tot gemeenskap nie.

22.1.Volgens die klaagster sou sy vir die appellant gesÍ het, toe hy haar broek uitgetrek het, dat hy die gevolge sou dra as hy haar nie los nie en dat sy haar broer sou vertel, waarop die appellant toe volgens haar gesÍ het dat hy vir niemand bang is nie en dat hy die gereg in sy hande het.

22.2.Job, wat in dieselfde vertrek gesit het, het niks geweet van enige van die uitlatings van die klaagster nie. Volgens haar sou sy slegs gehoor het hoe die klaagster *“nee”* sÍ.

22.3.Toe Job met die klaagster se weergawe hieroor gekonfronteer is, het sy eers probeer voorgee dat die televisie se klank so hard was dat sy moontlik nie alles gehoor het wat die klaagster gesÍ het nie. Dit was egter strydig met haar vroeëre getuienis dat die televisie se klank nie so hard was nie.

22.4.Gekonfronteer hiermee, het Job toe beweer dat die klaagster en die appellant sag gepraat het met mekaar. Dit was nie alleen ŉ ooglopende poging om haar getuienis aan te pas nie, maar sou ook moeilik te versoen wees met ŉ scenario waar die klaagster hardhandig tot op ŉ bed gepluk is, gewikkel is in ŉ stoeiery en selfs gewurg word deur die aanvaller.

23. Volgens Job sou sy al dié gebeure gesit en gade slaan het sonder om ŉ vinger te verroer om haar boesemvriendin te help.

23.1.Haar aanvanklike verduideliking hiervoor was dat sy as ŉ swanger vrou nie sou kon help nie. Sy het egter ook nie ŉ poging aangewend om, byvoorbeeld, die sekuriteitswagte te gaan roep nie. Sy moes bewus gewees het van die moontlikheid, want sy het getuig dat daar met die inry by die oord by die wagte gestop is.

23.2. Job se latere verduideliking was dat sy eers wou kyk of *"die hele ding … 'n incident of 'n wat is"*.

> Dit is jammer dat dié uitlating nie in kruisverhoor verder ondersoek is nie, maar dit kon tog niks anders beteken het as dat sy eers wou kyk of daar 'n misdaad gepleeg word nie; en dit terwyl sy volgens haar gehoor het hoe haar vriendin *"nee"* sÍ en gesien het hoe sy gewurg word.

23.3. Dat Job nie gaan hulp soek het, of selfs net gevlug het nie, is na my oordeel veel eerder te versoen daarmee dat sy tevrede was dat die gemeenskap met toestemming plaasvind.

23.4. Inteendeel, so tevrede was sy dat sy, volgens haar, selfs gesit en televisie kyk het gedurende die gebeure.

24.

24.1. Dit pas in by Job se optrede om, toe Murphy later as 'n sekuriteitsbeampte opdaag, bloot aan hom te rapporteer dat die appellant en sy vriend by hulle seks wou gehad het en dat die appellant die klaagster *"by die palmlaning op gejaag het"*. Job het nooit aan Murphy die verkragting, of enige misdaad hoegenaamd, gerapporteer nie.

24.2. Hoekom sou sy nie, indien haar vriendin voor haar oë gewurg en verkrag is, dit dadelik aan Murphy gerapporteer het nie; veral dan ook toe Murphy by haar aangekom het met die appellant?

24.3. Ook daarna, toe Job vir Murphy vergesel het na die klaagster se huis, het sy nie teenoor hom 'n woord van 'n misdaad gerep nie; ook nie eers toe die appellant hom ook volgens Murphy daar by hulle aangesluit het nie.

24.4. Job het ook nie, op haar eie weergawe, met die besoek aan die klaagster se huis van die geleentheid gebruik gemaak om die voorval en die verkragting aan die klaagster se ouers te rapporteer nie.

25. Job het ook ontken dat sy, soos wat die klaagster beweer het, die klaagster onmiddellik ná die voorval aangeraai het om 'n klag te lÍ.

26. Volgens beide die klaagster en Job was hulle nugter tydens die gebeure en het hulle elk by die Seventies klub slegs een drankie gedrink. Die appellant se weergawe was egter dat hulle almal onder die invloed van drank was.

26.1. Die getuie me Elmarie Olyn, vir wie die klaagster teëgekom het in die huurmotor wat haar opgelaai het, het egter, op 'n vraag na die klaagster se soberheidstoestand op daardie stadium, geantwoord *"sy het natuurlik na alkohol geruik, maar sy was nou nie slinger ... "*. Alhoewel Olyn vir een of ander rede nie gevra is om die sin te voltooi nie, blyk dit duidelik dat sy van mening was dat die klaagster onder die invloed van drank was.

26.2. Dit sou inpas by die getuienis van Murphy, wie se getuienis was dat Job, selfs nog met sy aankoms en dus al 'n hele ruk ná die voorval, onder die invloed van drank was; tot so 'n mate dat sy *"sleeptongerig"* gepraat het. Ook Job kon dus nie slegs een drankie gedrink het nie.

26.3. Nie alleen het beide die klaagster en Job dus onder eed nie die waarheid gepraat oor hulle drankinname en soberheidstoestand nie, maar ook moes hulle ware toestand in ag geneem gewees het by die beoordeling van die betroubaarheid van hulle waarnemings en die rasionaliteit van hulle optrede.

27. Dit blyk na my oordeel duidelik uit die oorkonde dat die klaagster en Job beide swak getuies was wat oor 'n menigte aspekte hulself, mekaar en hulle getuieverklarings weerspreek het.

27.1. Die klaagster het haarself op 'n stadium probeer regverdig deur te sÍ dat sy tydens 'n vorige sessie se getuienis deurmekaar, bang en op haar senuwees was. Dit is egter nie die indruk wat 'n mens uit die oorkonde kry nie en die Streeklanddros het ook nie so 'n waarneming genotuleer nie. Die klaagster het ook probeer om vrae nie te beantwoord nie. Sy moes male sonder tal weersprekings toegee en het uiteindelik maar volhard daarmee om te sÍ dat dit wat in haar verklaring staan die waarheid is, ongeag haar

getuienis in die Hof.

27.2.Job was op papier 'n nog swakker getuie. Sy het geÔrriteerd en ongeduldig geraak, en by ander tye die indruk van verwaandheid geskep deur te glimlag vir vrae. Sy het male sonder tal geantwoord dat sy nie kon onthou nie, in opsigtelike pogings om vrae oor weersprekings nie te antwoord nie en ook oor aspekte wat sy op die waarskynlikhede nie sou vergeet het nie.

28. Die Streeklanddros het klem gelÍ op die mediese getuienis as synde stawend vir die klaagster en Job se weergawes. Dit is so dat Ferris bepaalde beserings aan die klaagster gevind het wat, op die oppervlak beskou, as stawend vir die klaagster se weergawe mag voorkom. Wanneer die betrokke getuienis egter van naderby beskou word, blyk die posisie nie so eenvoudig te wees nie.

28.1.Ferris het, in die eerste plek, getuig van kneusings wat hy aan die klaagster se geslagsdele gevind het en wat binne die voorafgaande agt ure veroorsaak moes gewees het.

Sy getuienis was egter dat dié beserings ewe versoenbaar sou wees daarmee dat die klaagster toegestem het tot gemeenskap, as dat sy nie toegestem het nie.

Afgesien hiervan kon hy ook nie die moontlikheid uitsluit dat die klaagster se damesbroekie, wat nie uitgetrek is nie maar bloot weggetrek is, die kneusings kon veroorsaak het nie.

Ferris se getuienis oor hierdie kneusings is dus totaal kleurloos.

28.2.Volgens Ferris se getuienis het hy ook drie merke aan die klaagster se nek gevind wat in die vorige vier-en-twintig uur veroorsaak moes gewees het.

Hy het hulle eers as *"Skaafmerke"* beskryf, en later as

*"skraapmerke"*. Hierdie verskil in terminologie is nooit met hom opgeklaar nie.

Belangriker egter, is dat hy getuig het dat dié merke nie die soort merke was wat hy sou verwag het om te sien waar die slagoffer gewurg is nie. Volgens die klaagster is dit hoe die beserings aan haar nek opgedoen is, naamlik deurdat sy gewurg is, en Ferris se getuienis is dus in hierdie opsig strydig met dié van die klaagster.

Ook belangrik is om te let op die verskillende weergawes van die klaagster van wat presies die appellant met haar nek sou gedoen het. Sy het soms beweer dat die appellant sy *"arm"* op haar nek gesit het en op ander vrae weer dat hy sy *"hand"* op haar nek gesit het.

28.3.Die klaagster het ook getuig dat sy tydens die voorval ŉ bloukol onder haar linkerbors opgedoen het. Sy kon egter nie verklaar hoe sy dié besering opgedoen het nie en het gesÍ dit moes maar tydens die stoeiery met die appellant gebeur het.

Ferris het in sy verslag melding gemaak van ŉ merk onder die linkerbors, maar dit beskryf as ŉ skaafwond, en nie ŉ blou kol nie. Ferris se getuienis is ook nooit aangebied oor hierdie besering nie. Daar is dus geen getuienis van hom oor die moontlike ouderdom en oorsaak van dié merk nie.

29. Wat betref die weghardloop van die klaagster, is dit natuurlik ŉ faktor wat, op die oog af, sou strook met haar weergawe. Die appellant se verduideliking hiervoor was dat sy weggehardloop het toe sy vir hom kwaad geword het oor hy haar nie dadelik wou huis toe neem nie.

29.1.Die klaagster het die indruk probeer skep dat sy, toe Basson die deur oopgesluit het om ŉ selfoonoproep buite te beantwoord en hy sy rug op daardie stadium op haar gedraai het, desperaat die eerste geleentheid om weg te kom benut het en weggehardloop het.

Job se getuienis oor die omstandighede waaronder die klaagster begin het om weg te hardloop, verskil hemelsbreed. Alhoewel sy

haarself weerspreek het oor die oopsluit van die deur, was sy beslis daaroor dat Basson nie op daardie stadium 'n selfoonoproep gaan ontvang het nie en dat hy, inteendeel, in 'n ander kamer van die rondawel was op die stadium toe die klaagster weggehardloop het.

29.2.Indien die klaagster in vrees gevlug het, waarom het sy reg by die kantoor van die sekuriteitsbeamptes verby gehardloop sonder om daar om hulp aan te klop? Sy het probeer voorgee dat sy nie van die sekuriteitsbeamptes geweet het nie, maar Job se getuienis was dat hulle daar gestop het oppad na die betrokke rondawel.

29.3.Die klaagster se saak was dat sy by die polisie wou kom om hulp te kry, omdat sy gevrees het vir Job se veiligheid (alhoewel sy op 'n ander stadium beweer het dat haar enigste oogmerk was om by die huis te kom). Job is egter nooit op enige weergawe bedreig nie en het duidelik nie self bedreig gevoel nie. Sy het nie self probeer wegkom of na die sekuriteitsbeamptes gevlug nie.

29.4.Die klaagster se weghardlopery moet ook gesien word teen die agtergrond van die feit dat sy duidelik onder die invloed van drank was en nie noodwendig rasioneel sou opgetree het nie.

30. Daar moes ook 'n vraagteken gehang het oor Olyn en die klaagster se getuienis ten aansien van die klaagster se toestand en uitlatings toe sy in die huurmotor geklim het.

30.1.Volgens die klaagster was die huurmotor vol mense gewees. Volgens Olyn was daar slegs twee mense in die huurmotor. Hierdie weerspreking is egter moontlik meer aanduidend van die klaagster se soberheids-toestand op daardie stadium.

30.2.Volgens die klaagster het sy toe maar net deurmekaar gepraat, kon sy nie verduidelik wat gebeur het nie en het sy net gesÍ haar vriendin "Nono" is nog by die Eiland en hulle moet haar na die naaste

polisiestasie neem.

Volgens Olyn sou die klaagster egter in die fynste besonderhede aan haar in die huurmotor beskryf het waar hulle vroeër die aand was, hoe hulle by die oord beland het en wat toe daar gebeur het.

31. Alhoewel dit, veral in die lig van die mediese getuienis en die klaagster se weghardlopery, sekerlik vir die Streeklandros geregverdig sou gewees het om 'n baie sterk suspisie te hÍ dat die appellant wel die klaagster verkrag het, meen ek dat daar tog, onder andere in die lig van die uiters wesenlike weersprekings in die getuienis van die klaagster en Job, by die Streeklanddros 'n redelike twyfel moes bestaan het.

g*The rule that the State is required to prove guilt beyond a reasonable doubt has on occasion been criticised as being anomalous. On the other hand, the vast majority of lawyers (myself included) subscribe to the view that in the search for truth it is better that guilty men should go free than that an innocent man should be punished."* (sien **S v Kubeka, supra**, op 538H).

32. Ek meen dus dat die appËl teen die skuldigbevinding behoort te slaag en gevolglik is dit onnodig om die appËl teen die vonnis te oorweeg. Ek moet egter opmerk dat die slotsom waartoe ek gekom het wat die skuldigbevinding betref geensins die gevolg is van die appellant se getuienis – en sy houding as 'n getuie – nie, maar eerder ten spyte daarvan. Hy was duidelik 'n verwaande en ontwykende getuie en sy uitlatings oor die aanklaer se vrae was uiters onvanpas; veral komende van iemand wat veronderstel is om nie alleen regsgekwalifiseerd te wees nie, maar wat toe ook al as 'n Landdros waargeneem het.

33. Bygevolg sou ek die volgende bevel hierin maak:

**Die appèl slaag en die skuldigbevinding en vonnis word tersyde gestel.**

**C J OLIVIER**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

**Ek stem saam en dit word so gelas:**

**S A MAJIEDT**
**REGTER**
**NOORD-KAAPSE AFDELING**

| | |
|---|---|
| **Nms Applikant:** | **Adv J Schreuder** |
| **In opdrag van:** | **Phungula Prokureurs** |
| | |
| **Nms Respondente:** | **Adv A H van Heerden** |
| **In opdrag van:** | **Direkteur van Openbare Vervolgings** |